

11 AUGUSTUS

Skrifgedeelte Psalms 65

Fokusgedeelte: Psalms 65:3

God hoorder van gebede

Gebed moet meer wees as woorde. Dit vra 'n verhouding met God. Meer wees as die spaarwiel van my lewe wat ek in nood gebruik! Die Here Jesus Christus gee ons die opdrag om as priesters te werk in Sy koningryk, laat ons hierdie voorreg gebruik.

Die psalmdigter loof die Here vir die verhoor van 'n gebed.

Wat maak God die gebedsverhoorder?

God wil aanbid word. Dit is deel van God se wese om die gebede te hoor van Sy kinders. Lees Spreuke 15 :8." ... die gebed van die opregtes is Hom welgevallig"

Die Here Jesus Christus het duur betaal sodat ons gebede verhoor kon word, die voorhangsel het geskeur sodat ons (sondaars) toegang kon kry tot Hom. Ons mag toetree tot Sy voorhowe.

Ons is geneig om die gebede te onthou ... die groot vraag is of ons die verhoring daarvan sien? Dawid sien die verhoring van sy gebede raak en loof die Here daarvoor. Wanneer die volk van Israel bymekaar gekom het het hulle God gedank vir Sy Genade, Sy Mag en Sy Voorsiening.

Ons leef in 'n tyd waarin ons altyd die dinge raaksien wat nie daar is nie. Ons kla oor die agteruitgang wat daar in "ons" tyd plaasvind. Ons het nie tyd om aandag te gee aan God se genade, mag en voorsienigheid nie.

Wanneer laas is een van jou gebede verhoor. Wanneer laas het jy daarvoor gedank.

Ds Paul Lubbinge (Mosselbaai)